

## Eenheid preek 4 Johannes 17 Heiligmaking bevorder eenheid.

Goeie môre aan elkeen van julle wat inskakel by ons erediens. Soos julle hopelik weet beoog ons om 13 September weer te begin met erediens in die kerk, natuurlik met die beperkings wat die staat daar gestel het. Ons sal egter voortgaan om die erediens digitaal te bly uitstuur soos ons dit tans doen.

Dit sou vandag ons jaarlikse dankoffer Sondag gewees het. Ons gemeente se kontantvloei bly maar onder druk, tog, op 'n manier was daar nog elke maand genoeg geld om ons betalings te kan maak. Ons is die Here so dankbaar daarvoor en kan regtig sien hoe getrou die Here is, selfs in hierdie moeilike tye waarin ons leef.

Vriende, elkeen in die gemeente is deel van Jesus se liggaam en dit is ons voorreg om saam met Hom te bou aan sy koninkryk. Elkeen se bydrae, ongeag hoe groot of hoe klein dit is, is nodig, sodat ons saam sy koninkryk kan bou en so sy Naam kan verheerlik. **Dankie vir elkeen wat bydra en saamwerk aan die bou van God se koninkryk.**

Ons gaan vanoggend saam nagmaal hou, so julle kan, wanneer julle netnou die video stop, vir julle sap of wyn en 'n broodjie gereed kry vir die nagmaal.

Verlede week het ons gehoor dat hoe meer ons ons in die Here verwonder, hoe makliker en meer natuurlik sal onderlinge eenheid bevorder word. Ek wonder sommer in watter mate jy dit reggekry het, om jousef, doelbewus die afgelope week, in die Here te verwonder. Deel 'n bietjie met die mense by jou wat jy gedoen het om jou meer in die Here te verwonder en wat was jou belewenis van God se heerlikheid die afgelope week gewees. Stop die video, kry die nagmaal gereed en doen asseblief dit wat op die skerm gaan verskyn.

Doen asseblief die volgende:

- Kry die nagmaal tekens gereed.
- Deel 'n bietjie met die mense by jou wat jy gedoen het om jou meer in die Here te verwonder en wat was jou belewenis van God se heerlikheid die afgelope week gewees.
- Bid saam dat die Here ons saamwees sal seën en duidelik met elkeen sal praat.
- Besluit saam oor julle dankoffer.
- Lees Johannes 17:13-19 en Romeine 6:12-14. Bespreek wat vir jou uitstaan.

Vriende, in ons wandel met die Here, ons lewe saam met Jesus, is daar altyd twee kante waarvan ons bewus moet wees. Vir die kinders, neem 'n geld muntstuk en kyk na die twee kante. Elke munt het wat ons noem 'n kop kant en 'n stert kant. Die kop en die stertkant van die muntstuk lyk nooit dieselfde nie. Net so is daar twee kante aan ons verhouding met Jesus.

Ons praat van die indikatief en die imperatief. Die indikatief is waarhede wat ons net in ontvangs kan neem. Dis wat God vir ons en met ons doen. Byvoorbeeld

- Efesiërs 1:4 wat sê dat God sy kinders voor die grondlegging van die aarde uitverkies het.

- 2 Korintiërs 5:17-18a - **Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. 18Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen .....**

Hierdie teksverse vertel vir ons, wat God in Christus Jesus, vir ons gedoen het. Dit is die geestelike waarhede van wat God, danksy Jesus se kruisdood en opstanding, in ons gedoen en bewerk het. Dis die indikatief. As ons die indikatief verstaan, as ons verstaan wat God met ons gedoen het, dan kom die imperatief in werking. Die ander kant van die muntstuk. Omdat die indikatief van ons waar is, is daar seker dinge wat ek en jy moet doen en waaraan ons moet werk. So die indikatief, is wat God vir en met ons doen, en die imperatief is dit wat van ons verwag word, omdat God reeds iets in ons gedoen het.

Kom ons kyk na Romeine 6. Paulus verduidelik mooi vir ons dat ons in Christus dood is vir die sonde, omdat ons sondes op grond van Jesus kruisdood en opstanding weggewas is. Dan in vers 12 gee Paulus vir ons imperatief. **Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie. 13Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie .... 14Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade.**

Hoor julle wat hier gebeur. Ons moet nie reg lewe om gered te word nie. Ons moet daaraan werk om te verander, ons moet reg lewe, omdat ons in Jesus nuut gemaak is. Die sonde, het danksy Jesus se kruisdood, sy houvas op ons verloor.

Dit bring ons terug by Johannes 17. Jesus is besig om vir sy dissipels te bid en Hy bid in vers 15: **Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar. 16Hulle behoort nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie.** Vriende, dit was nooit God se bedoeling dat ons uit die wêreld moet padgee nie. Sy bedoeling is dat ons tussen ander mense sal leef, maar dat ons nie “soos” die ander mense sal leef nie. Met ander woorde, in die wêreld, maar nie soos die wêreld nie.

Die ou vertaling stel dit so: **Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. Heilig hulle deur die waarheid – u woorde is die waarheid.**

Die Griekse woordjie wat vir “heilig” gebruik word, is die woordjie “hagios”, wat in Grieks beteken, ons word vir God afgesonder. Heilig beteken ek is deur God uitverkies en afgesonder. Nou kan ek nie meer vir myself, of soos die wêreld te leef nie. Nou moet ek my lewe daaraan wy om tot eer van God te lewe. Dit is wat dit beteken om jou lewe te heilig.

Dink so 'n bietjie aan die begin van die onse Vader gebed: **laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.** Jesus het ons geleer dat dit deel van elke gebed van ons moet wees, dat ons vir God sal vra, om ons te help om te leef soos mense wat vir Hom afgesonder is. Soos mense wat tot eer van sy Naam lewe.

Heiligmaking is dus die proses waarin ons elkeen daaraan moet werk om al hoe meer te verander om soos Jesus te word. Ons is danksy die kruisdood en opstanding van Jesus heilig verklaar, nou moet ons alles in die stryd werp, sodat ons lewens al hoe meer heilig word.

Jesus se gebed lei ons hoe die proses van heiligmaking plaasvind. Hy bid in vers 17: **Heilig hulle deur die waarheid – u woorde is die waarheid**. So wat bid Jesus? Hy bid tot die Vader dat Hy sal help dat sy volgelinge hulle lewens sal inrig volgens dit wat in die Bybel, as God se Woord, opgeskryf staan.

Vriende, ons word geheilig wanneer ons God se Woord lees en ons onself aan sy Woord onderwerp. Die Bybel leer ons hoe om onself vir God te heilig. Dis hoekom ons nie self kan besluit hoe ons wil lewe nie. Ons ou sondige natuur is net te onrein. Wanneer ons die Bybel lees en ons vrywillig onderwerp aan wat daarin staan, dan begin ons lewens al hoe meer vreemd word vir die wêreld.

Jy sien, hoe meer ons vorder in die proses van heiligmaking, hoe meer gaan ons uitstaan in die wêreld. Hoe meer ons uitstaan in die wêreld, hoe meer gaan ons gevra word wat maak ons anders. Hierdie hele gebed van Jesus gaan eintlik oor die onderlinge eenheid van sy kinders wat gaan maak dat die wêreld gaan glo dat Jesus elke mens werklik lief het. En, net soos verlede week, sal jy agterkom dat hoe meer ons groei in ons eie heiligheid, hoe makliker word onderlinge eenheid.

Heiligmaking, die proses om meer heilig te word, is die proses waarin ons ons eie wil, ons eie voor en afkeure neerlê en ons onderwerp aan God se wil vir ons lewens. Om heilig te wees, is dus beide iets wat met ons gebeur en iets wat ons self moet doen. So hoe werk heiligmaking?

'n Mooi voorbeeld is Kol 3. Daar sien ons mooi hoe die indikatief en imperatief saam werk. Dit wat God met ons doen en wat Hy van ons verwag: Kolossense 3:1-3 - **1Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. 2Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, 3want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.**

So, vra jouself af. Wat gee jy in jou gedagtes die meeste kos? Is jy meer besig met die dinge van die Here, of meer besig met die dinge van die wêreld? Wanneer ons heiligmaking najaag, dan moet ons meer aandag daaraan begin gee om die hemelse dinge te oordink as die aardse.

Nou bid Jesus hier in Johannes 17: 17 in die ou vertaling: **Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid**. Of, die nuwe vertaling wat sê: **Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid**. Ons lewe heilige lewens as ons ons lewens laat lei en inrig deur die waarheid van God se Woord.

Wat sê Jesus hier is die waarheid? God se Woord. Vriende, die waarheid waarvolgens ons wil lewe kan nooit ons eie belewenisse en voor en afkeure wees nie. Die waarheid wat alles in ons

lewens moet bepaal, is die Woord van God. Die Bybel is die oppergesag waarvolgens ons ons lewens moet inrig.

So, heiligmaking gebeur wanneer ons uit dankbaarheid vir ons verlossing en uit verwondering vir wie God is, ons lewens al hoe meer laat vorm deur God se Woord. Kom ons neem 'n eenvoudige voorbeeld. Iemand in jou gesin, by die skool, of by jou werk, of selfs by die kerk, doen iets misliks aan jou. Jy beleef hartseer en woede en frustrasie. Jy is of lus om terug te baklei, of jy wil onttrek en wegvlug. Hoe meer jy daarvoor nadink hoe erger word alles vir jou. Jy kry jousef jammer en dink aan maniere om die persoon terug te kry.

As jy die pad van heiligmaking wil stap, moet jy êrens jou gedagtes tot stilstand bring en dink oor wat God se Woord vir jou leer. Jy dink aan Jesus se opdrag dat ons altyd vinnig moet wees om te vergewe. Nou moet jy besluit of jy gehoorsaam gaan wees aan wat die Bybel sê, of nie. Die oomblik wat jy kies om te vergewe, as jy kies om gehoorsaam te wees, begin daar iets in jou verander.

Nou dink jy aan die feit dat jy jousef bejammer oor wat gebeur het. Dan beseef jy dat selfbejammering eintlik sonde is. Nou staan jy weer voor die keuse of jy aan God se Woord gehoorsaam gaan wees of nie. Die oomblik wat jy kies om op te hou om jousef te bejammer, kom jy agter die aangeleentheid is eintlik nie so erg soos jy dink nie. Hoe meer jy dink aan alles wat die Bybel ons leer en hoe meer jy gehoorsaam is aan die riglyne van die Bybel, hoe minder belangrik word wat met jou gebeur het.

Om dan die kersie op die koek te plaas, onthou jy weer hoe kosbaar en spesiaal jy vir God is. Dat jy voor die grondlegging van die aarde deur Hom uitgekies is. Die wonder daarvan maak dat dit jou nie meer pla dat die persoon mislik met jou was nie, want as God jou so spesiaal hanteer, dan pla dit jou nie wat mense van jou dink nie. Wanneer jy jou so deur God se Woord laat lei, gaan jy nie lank neem om van alles te vergeet en te kies om daardie persoon onvoorwaardelik lief te hê nie.

Omdat jy bereid is om deur die Woord van God en die Heilige Gees geheilig te word, groei die onderlinge eenheid van die gemeente. Vriende, dis waarvoor Jesus hier bid. Hoe beter ons verstaan wat God in Christus vir en met ons gedoen het, hoe groter gaan ons begeerte wees om heilig te lewe. Hoe meer ons daarna strew om heilig te lewe, hoe groter gaan die eenheid word, want dan gaan ons daarna strew om eerder volgens God se Woord as ons eie voor en afkeure te lewe.

Dis waaraan die nagmaal ons herinner. Elke keer as ons die brood eet, dan herinner dit ons dat Jesus ons so lief gehad het dat Hy sy liggaam aan 'n kruis laat vasspyker het, sodat ons sondes vergewe kan word en ons een in Hom kan wees. Elke keer as ons die beker neem en die wyn drink, dan herinner dit ons dat Jesus sy bloed aan die kruis laat vloei het om ons skoon te was van al ons sondes. Neem die brood en eet dit, neem die wyn en drink dit en dink aan die prys wat Jesus betaal het om ons sondes weg te was en ons onderlinge eenheid te bewerk.

Vriende, die nagmaal herinner ons aan die prys wat Jesus betaal het om ons vry te maak van die gevolge van die sonde in ons lewens. Dit wys ook die prys wat Hy betaal het vir eenheid.

Julle kan nou die nagmaal gebruik en dan afsluit deur te bespreek wat op die skerm gaan verskyn.

Bespreek:

- Wat gaan jy die week prakties van jou kant af doen sodat jy kan groei na groter heiligheid?
- Is daar iemand met wie jy moet gaan regmaak om die onderlinge eenheid van die liggaam van Jesus weer heel te maak?
- Dank die Here met gebed vir die voorreg om nagmaal te kon gebruik.